# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Twee

### “WANT ONS HET SY STER IN DIE OOSTE GESIEN” MATTEUS 2:2

*Hef ons op en trek ons nader na u volmaakte lig.*

Sagaria 4:1-7 - Ek sien ‘n lampstander gemaak van goud.

In hierdie brose onsekere wêreld soek ons na ‘n lig, ‘n ligstraal, wat ons van ver af hoop gee. Te midde van al die boosheid, verlang ons na goedheid. Te midde van die mensdom se duisternis het die ster uit die Ooste geskyn. Daarin sien ons ‘n lig wat die dieptes binnedring van die duisternis wat ons van mekaar skei. Die verlange om die duisternis wat ons skei te oorkom dwing ons om vir Christelike eenheid te bid en daarvoor te werk.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur ‘n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery